



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

BELANGRIKE KENNISGEWING

HEMIS-HERTOELATING 2020

Beste student

Die hertoelatingsproses vir voorgaadse studente val onder die Universiteit Stellenbosch (US) se hertoelatingsreëls en -prosedure, wat onder die opskrif “Hertoelating na onsuksesvolle studie” in Deel 1 (Algemeen) van die Jaarboek uiteengesit word. Volgens hierdie reëls moet voorgaadse studente ’n sekere getal krediete in ’n bepaalde akademiese jaar behaal (slaag) om hulle studie te kan voortsit. Studente wat nie genoeg krediete behaal nie, en dus nie aan die hertoelatingsvereistes voldoen nie, sal nie toegelaat word om hulle studie voort te sit nie.

1. Kommunikasie

Studente wat nie genoeg krediete behaal het nie sal per e-pos (student se US-e-posadres) daarvan in kennis gestel word, en sal ook voor of op 24 Desember 2019 ’n SMS ontvang. Jy kan boonop jou hertoelatingstatus vir 2020 nagaan by: my.sun.ac.za → Voorgraads → Administrasie → Hertoelating vir Studies. **Let asseblief daarop dat hertoelatingsbriewe nie met gewone pos gestuur sal word nie.**

Daar is twee moontlike kategorieë in hierdie verband:

Kategorie A: Waarskuwing

Studente in hierdie kategorie sal ’n e-pos ontvang wat hulle bloot waarsku dat hulle nie teen die einde van 2019 aan die hertoelatingsvereistes voldoen het nie, maar dat hulle vir studie in 2020 sal kan registreer sonder om ’n hertoelatingsaansoek in te dien.

Kategorie B: Akademies uitgesluit (uitsluiting om akademiese redes)

Studente in hierdie kategorie sal ’n e-pos ontvang wat hulle in kennis stel dat hulle nie vir 2020 hertoelating tot die US ontvang het nie. Sodanige studente sal nie kan voortgaan met hulle studie aan die US nie, en moet gevolglik om hertoelating tot die US aansoek doen.

2. Administratiewe prosedure

Studente wat akademies uitgesluit is (kategorie B hierbo), sal 'n geleentheid ontvang om aansoek te doen om hertoelating. Vir dié doel sal bogenoemde e-pos 'n vorm insluit wat vir die hertoelatingsaansoek gebruik moet word. Die e-pos en aansoekvorm sal verduidelik wat studente moet doen om die hertoelatingsaansoek in te dien.

3. Sperdatums

- a) 15 Januarie 2020 – Algemene sluitingsdatum vir indiening van hertoelatingsappèlle. **Let asseblief daarop dat hierdie datum nie op die fakulteite hieronder van toepassing is nie.**
- b) 6 Januarie 2020 – Sluitingsdatum vir indiening van hertoelatingsappèlle vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- c) 9 Januarie 2020 – Sluitingsdatum vir indiening van hertoelatingsappèlle vir die Fakulteit Ingenieurswese
- d) Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe – datums sal in die hertoelatingskommunikasie verstrek word

Let asseblief daarop dat geen laat aansoeke om hertoelating aanvaar sal word nie.

4. Koste

Elke aansoek om hertoelating moet vergesel wees van 'n fooi van R387. Neem asseblief kennis dat hierdie bedrag nie-terugbetaalbaar is, ongeag wat die Hertoelatingsappèlkomitee besluit.

Dr R Retief

REGISTRATEUR

Mei 2019